

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstreek van die kerse

Lied 177

Jesus, gróót bo almal:
sterke Verlosser,
magtige Heer en Heiland,
Immanuel - God is met ons -
reddende Here, lewende Woord.

Woorddiens

Tema: Wat beteken dit om God lief te hê?

Skriflesing: Psalm 116



Onthutsende, historiese, spirituele reis

Paul Boekkooi

Silence

Martin Scorsese het self erken dat hy oor dekades getwyfel en innerlik geveg het om uiteindelik tot die besluit te kom om Shusaku Endo, 'n Japannese Katolieke romanskrywer, se *Silence* (1966) te verfilm – dít nadat die Japannese regisseur Masahiro Shinoda hom reeds in 1971 voorgespring het.

Gedagtes oor 'n godsdienstige drieluik waarin die kompleksiteit en beproewings rondom geloof sentraal sou staan, het eweneens soos 'n goue draad oor jare begin ontluik, niesteenstaande Scorsese se loopbaanenmerkende diversiteit van temas binne verskillende genres.

Twee titels rondom dié drieluik is aan ons bekend: *The Last Temptation of Christ* (1988) en *Kundun* (1997), waarin die periodieke vertwyfeling wat geloof kan meebring op 'n uitdruklike wyse die hooffokus is.

In eersgenoemde word 'n twyfelende Jesus uitgebeeld waarin liggaamlike verlangens neig om die oorhand te kry bo sy Goddelike aard. *Kundun* handel oor die Dalai Lama. Geloof, en die uitwerking rondom die onderdrukking daarvan deur die Chinese se vervolging en menseregteskendings in Tibet, word binne die konteks van 'n Boeddhistiese lewenswyse ervaar.

Endo se roman, die voedingsbron van *Silence*, word in breë trekke as tegelyk opbeurend en uitdagend beskou. Dit is 'n duidelike bekragtiging van die Heiland se onpeilbare genade en 'n deurtastende ontleding van alles waarby die Christendom homself oor eeue heen ingeskakel het.

Dit sluit onder meer die soms bykans arrogante uitoefening van sy eie gesag en mag (dink aan die kruistogte) in, asook 'n geneigdheid om skade en leed te berokken in die naam van Hom wat juis die beliggaming is van onvoorwaardelike genade, liefde en medemenslikheid.

Die agtergrond waarteen Scorsese dié epiëse rolprent laat afspeel, is lewensgetrou. Twee Portugese priesters, Sebastiao

Rodrigues (Andrew Garfield) en Francisco Garupe (Adam Driver) is op soek na vader Cristóvão Ferreira (Liam Neeson) wat, volgens hul gefragmenteerde inligting, verdwyn het. Ferreira het 'n mitiese status verwerf en daar is selfs bewerings dat hy sy geloof in die openbaar afgesweer het. Dié verwarring word onder meer deur die regisseur as spanningselement aangewend.

Tog is *Silence* in sy diepste wese 'n spirituele reis waarin uiteenlopende aspekte rondom die Christelike leerstellings op 'n filosofiese vlak afgespieël word teenoor die Japannese wat hul Shinto-geloof aanhang. In dié tyd (omstreeks 1630) het hulle ook Christene vervolgd deur die toepassing van 'n verskeidenheid marteltegnieke. Die meeste daarvan word uitgebeeld – soos die drie gekruisigde Christene wat ons met laagwater in die see sien hang, terwyl hulle later, met hoogwater, op geen manier verdrinking kan vryspring nie.

Wreedheid en ontberings word afgewissel met beskouende episodes waarin kamerabeelde wat op die natuur gerig is gewoonlik 'n oorheersende rol speel. Daar is geen teken van prekerige sentimente in *Silence* nie, maar dit is eerder, waar nodig, objektief en konfronterend.

Veral Rodrigues se gedagtes word duidelik in 'n oorgeklankte narratief vasgevang sodat hy fluisterend sy denke en gebede met kykers kan deel. By sulke oomblikke sluit Scorsese se werksmetodiek nogal sterk by die filosofiese gedagtegang van sy kollega Terrence Malick aan.

Die “stilte” van die titel kan meervlakkig geïnterpreteer word. Dit is nooit tot dogma reduseerbaar nie, maar is eintlik paradoksaal. Die ervaring van hoe die oorblywende groepie Japannese Christene deur die vreemdelingepolitiek van die oorgrote meerderheid van hul landgenote hanteer word, laat 'n mens dink dat godsdienstige xenofobie heers terwyl God bly swyg.

Garfield, Driver en veral kortstondig ook Neeson as Ferreira, dra die verhaal van die Westerlinge. Onder die Japannese akteurs is dit veral Issey Ogata se psigies uitgedaagde inkwisiteur wat haat laat gloei, terwyl Rodrigues as die “Christusfiguur” selfs met 'n Judas in die persoon van Kichijiro (Yosuke Kubozuka) te donee kry.

Silence is dié werktuig vir sinryke en diepe nabetraging.

Met onder andere Andrew Garfield, Adam Driver en Liam Neeson. Regie: Martin Scorsese. Tydsduur: 161 minute. Ouderdomsperk: 16G.

<http://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/onthutsende-historiese-spirituele-reis-20170420>



‘Silence’ se stilte oortuig nie regtig

Leon van Nierop

Silence met Andrew Garfield en Adam Driver. Regisseur: Martin Scorsese. ***

Dié rolprent vra, ook by monde van sy protagonis Vader Rodrigues, die vraag as daar 'n God is, waarom is Hy so stil en afwesig? Waarom laat Hy toe dat die wêreld in chaos gedompel word terwyl gelowiges uitgemoor word? Hoekom gee Hy geen tekens meer nie? Hoekom bevestig Hy nie sy bestaan nie?

Met Martin Scorsese, wat reeds 'n godsdienstige stryd gevoer het in sy *The Last Temptation of Christ*, lyk dié rolprent

na 'n soort baster-nabootsing, al is dit gegrond op Shusaku Endo se roman wat niks met Nikos Kazantzakis se boek doen het nie.

Scorsese se tegniek oorheers albei rolprente. Die beeld word belangriker as die stelling.

Tog wonder die kyker of God se stem nie juis oordonderend hoorbaar is in daardie groot stilte nie? Moet elke mens nie sy eie antwoorde soek omdat dit so stil is nie? En lê die fout nie dalk by die priesters se obsessiewe motiewe in 'n land waarin hulle nie welkom is nie?

Alles begin wanneer Vader Ferreira (Liam Neeson) in 1640 na Japan reis en die Rooms-Katolieke geloof daar probeer bevorder. Die Japannese sien hom as 'n bedreiging en dwing hom om sy geloof te ontken. Die twee jong protagoniste bevestigteken die nuus en vertrek Japan toe.

'n Mens wonder hoekom het die Japannese die priesters nie blout uit die land gegooi nie? Hoekom die onmenslike martelings en manipulasie wat ook obsessief is? Verskyn alle godsdienste nie dalk hier in die beskuldigdebank nie? Is dit nie die punt van die rolprent nie?

Die sendelinge Vaders Rodrigues (Garfield) en Garrpe (Adam Driver) se onwrikbare geloof word tot die uiterste getoets tydens hul reis, net sodat hulle in dieselfde dilemma as Ferreira beland. Rodrigues sien egter hoe Christus aan hom "verskyn" wanneer hy in water staar. Dit motiveer hom opnuut. Maar dit bly 'n gesig sonder stem. Dit dryf dié gelowige man tot breekpunt.

Die rolprent vra dan of die priesters die reg gehad het om by die Boeddhisme in te meng? Het hul "selfsugtige" en koppige optrede nie juis gelei tot die dood van duisende onskuldiges nie? Was die stilte nie 'n aanklag teen hul inmenging nie?

Maar ongeag hoe die kyker, van watter geloof ook al, hieroor voel, bly die vraag of Scorsese daarin slaag om sy boodskap met filmiese oortuiging oor te dra? Die versigtige antwoord, en 'n mens voel skuldig om dié meester so te kritiseer, is gedeeltelik nee. Scorsese se rolprent is net te "mooi", te manipulerend en selfbewus daarvoor.

Kragtig soos die storie is, en uitmergelend soos die priesters se foltering is, wil-wil dit soms Cecil B. de Mille raak – 'n intense skouspel wat die boodskap oorheers. Die aandag word dalk te dikwels afgetrek van die identiteitskrisis waarin die priesters beland. 'n Intieme, innerlike stryd word oorheers deur oordramatiese regie.

Wanneer die kamera van bo af neerkyk op spierwit trappe waaroor drie donker figure loop, wil jy die toneel eintlik raam en ophang. As die priesters daarna in Japan aankom, is die blou skemer en ysblou see so mooi dat jou oog telkens daardeur verlei word. Dit verdwaal soms in die beeldskone beelde ten koste van die priesters se lyding. Selfs Christene wat weed in die see gekruisig word, raak later so uitgerok dat die kyker afgestomp raak. Soms kan regie te intens wees.

Maar dalk wou Scorsese tog 'n stelling maak oor 'n besoedelde paradys wat ontaard in 'n aardse hel waarin wandade gedy. Daarom die oordadige visuele verleiding? Dit is moontlik. Maar die lengte van sommige tonele en die speelyd van 160 minute maak dit eerder vermoeiend as aangrypend.

Voeg daarby Garfield wat intens toneel speel teenoor Driver se onselfsugtige stil spel, en die skaal swaai na negatief.

Lesers moet self besluit. Maar net so kragtig soos die vrae in die rolprent se stiltes hang, net so voel 'n mens stom ná die tyd. Jy wil nie daarvoor praat nie, jy voel eerder verlig dat dit verby is.

Scorsese kon, ironies genoeg, meer oortuigend 'n stem gee aan die dekadente hel van *The Wolf of Wall Street* as aan *Silence* se stilte vol onvoorwaardelike geloof.

<http://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/silence-se-stilte-oortuig-nie-regtig-20170422>

Broodjies vir die pad

Die dankbaarheid wat kan kom met mate en skaal

DJS

Stoele hoef nie groot te wees nie, sê hy. Grootte maak nie stoele tot stoele nie. Stoele kán groot wees, maar ook klein, en alles tussenin. Die vraag is eerder hoe die stoel sit, of dit gemaklik en gesond is, doelmatig, en ja, ook mooi (hoewel mooi vir een dalk nie mooi is vir 'n ander en mooi vandag miskien môre nie meer nie).

Nee, groot pas nie as norm by stoele nie, suggereer Mark Mitchell in *The Politics of Gratitude*. En soms moet iets só banaal en oorvereenvoudig gesê word om die verreikende implikasies daarvan beter te laat blyk.

Want dieselfde geld tog eweneens van vele ander sake? Grootte is ook nie regtig deel van hulle aard nie, ook al maak ons asof dit is?

Elkeen kan ons eie lysies maak van sake waarby grootte nie werklik wesenlik is nie – en ons mag verbaas staan oor hoe lank sulke lysies mag word as ons gedagtes eers op loop gaan, oor wat alles daarop mag verskyn as ons eers eerlik raak met onself. Ander vrae is meesal tog eerder van belang, ander maatstawwe? Dié insig is só voor die hand liggend, en tog, as ons dit weet, waarom streef ons só dikwels steeds daarna? Waarom maak ons dit só gereeld – tot ons eie frustrasie en afguns en onvergenoegdheid – tot ideaal? Waarom wil ons dan steeds weer die grootste hê en beste wees, die eerste en boonste? Waarom word ons dan so bekommerd deur die voorste en rykste en meeste en mooiste en hoogste? Begryp ons dan nie dat geluk nie daarin lê nie? Dat vrede en gemoedsrus en vergenoegdheid juis kom met matigheid, met beskeier maat en mensliker skaal, met danksê en genoegsaam lewe met óns deel?

Dis 'n eeu oue insig van talle geestelike en filosofiese tradisies wat almal soberheid en tevredenheid aanprys as deug, dié deug wat lewensgeluk bring, waarsonder vervulling ons bly ontwyk, ten spyte van alle groter en sterker en beter en méér, vanaf Aristoteles tot Paulus (byvoorbeeld 1 Tim. 6:6).

Ook leidende denkers van ons dag – soos die antropoloog René Girard – beskryf hoe "aangeleerde begeertes" ons lewe verwoes, ons onversadigbare hunkering na nóg en méér en gróter, net omdat ánder dit het en kan, nié omdat ons dit self werklik benodig nie. Ons leef asof grootte wesenlik is tot álles – en verloor daarmee ons dankbaarheid, ons vreugde aan talryke gawes, klein én groot. Ons vergeet *human scale is suited to human flourishing*, sê Mitchell, geluk kom slegs as ons lewe na maat.

Maar nou ja, ook Goue Lökkies het dit tog al geweet? Van té groot, té klein, en nét reg? – DJS

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-dankbaarheid-wat-kan-kom-met-mate-en-skaal-20170421>



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.*